## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 15 AUGUSTUS 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER LEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | (Speaker) |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |

**AKSIE**

**BKN001/08/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Uitvoerende Burgemeester almal by die vergadering verwelkom.

Die Voorsitter reël vir 'n oomblik van stilte ter nagedagtenis aan wyle Mnr. Isak Wiese (Oom Sakkie) wat vir 22 jaar werksaam was by Bergrivier Munisipaliteit en vanoggend vroeg oorlede is.

***

**BKN002/08/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Interne Ouditeur – siekverlof
Bestuurder: Strategiese Dienste – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/08/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN004/08/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 25 JULIE 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 25 Julie 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**BKN005/08/2017**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE: TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES (PROCESS PLAN) 2017/18**
**9/1/2**

The Municipal Manager reports that all inputs regarding the Time Schedule of Key Deadlines 2017/2018 must be submitted to her by Friday 18 August 2017. The final Schedule will serve at Mayco and Council on 29 August 2017 for final consideration.

**NOTED**

***

**BKN006/08/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy gee terugvoering oor die Interne Ouditdienste en meld dat PricewaterhouseCoopers (PWC) aangestel is om tot hulp te wees by die Interne Ouditdienste;
- Sy meld dat Bergrivier Munisipaliteit hul vierde besoek ontvang het van "Sharing a New Song" koor van Boston Amerika vanaf Donderdag 10 Augustus tot Sondag 13 Augustus 2017 deur en noem dat hulle die besoek baie geniet het; en

- Sy bied die geleentheid aan die personeel koor van Bergrivier Munisipaliteit om die Uitvoerende Burgemeester toe te sing met sy verjaarsdag op Woensdag 16 Augustus, waarna sy namens Bergrivier Munisipaliteit 'n geskenk aan hom oorhandig.

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy bedank die Munisipale Bestuurder vir die leiereienskappe en leiding wat sy geneem het tydens die besoek van die "Sharing a New Song" koor;

- Hy bedank die Uitvoerende Onderburgemeester vir haar bereidwilligheid om op kort kennisgewing die ontbyt met die Amerikaanse koor by te woon en hulle amptelik namens Bergrivier Munisipaliteit verwelkom; en

- Gelukwensinge vir die Direkteur Finansiële Dienste se verjaarsdag word deur die Uitvoerende Onderburgemeester en Munisipale Bestuurder gedoen.

***

**BKN007/08/2017**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/08/2017**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/08/2017**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WATERVERLIESE IN BERGRIVIER</u>**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in rakende die waterverliese in Bergrivier.

Sy noem dat die Premier op 24 Mei 2017, ooreenkomstig artikel 41(1) van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) in Provinsiale Koerant 7771, afgekondig het dat die Wes-Kaap as 'n rampgebied verklaar word weens die omvang en erns van die droogte wat die provinsie raak.

Op 4 Augustus 2017 is PK 150/2017 ingevolge artikel 41(2) van genoemde wet, in Provinsiale Koerant 7801 afgekondig, wat duidelike beperkings plaas op die drinkbare en grootmaat wateraankope. Sy meld voorts dat die verslag versprei sal word.

Sy noem ook dat op versoek van Provinsie het die Direkteur Tegniese Dienste 'n status quo verslag saamgestel. Dit sal aan die volle Raad gesirkuleer word.
Verder noem sy dat Provinsie 'n kommunikasiespesialis aangestel het om almal in die Wes-Kaap bewus te maak van die waterkrisis.

Ten slotte versoek sy dat enige watervermorsing in die publiek onmiddellik aangemeld word.

Verskeie insette word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Speaker versoek dat die totale gemeenskap ingelig word rakende hierdie situasie, omrede baie oningelig is.

Die Direkteur Tegniese Dienste meld dat hy 'n vergadering sal koördineer met Departement Waterwese vir bywoning deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder.

Die volledige implementeringsplan vir Bergrivier Munisipaliteit sal gesirkuleer word.

***

**BKN010/08/2017**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 56 VAN PLAAS EENDEKUIL NO. 71, AFDELING PIKETBERG ('N GEDEELTE VAN EENDEKUIL GEMEENSKAPSAAL) EN ERF 3291, PIKETBERG</u>**
**<u>(LÊeR VERW.: PB. 3291 & PLAAS NO. 71/56</u>**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**<u>AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat 'n Gedeelte van Gedeelte 56 van Plaas Eendekuil no. 71, afdeling Piketberg (Gedeelte van Eendekuil Gemeenskapsaal) en Erf 3291,Piketberg nie vir munisipale dienslewering benodig word nie;
2. Dat die Raad se voorneme om 'n Gedeelte van Eendekuil Gemeenskapsaal en Erf 3291, Piketberg, aan Klikbekkies asook Babbel & Krabbel Bewaarskole onderskeidelik te verhuur vir 'n tydperk van drie jaar, geadverteer word vir 14 dae en indien geen besware ontvang word nie, voortgegaan word met die verlenging van die bestaande huurkontrak vir 'n addisionele termyn van drie jaar; en
3. Dat die verlenging onderhewig is aan dieselfde bepalings vervat in huidige kontrakte asook dieselfde huurbedrae.

***

**BKN011/08/2017**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2017**
**9/1/2**

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for May 2017.

***

**BKN012/08/2017**
**MONTHLY AND QUARTERLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2017**
**9/1/2**

The Director Financial Services gave a lengthy background of the item under discussion and took the committee through the report.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly and quarterly budget statement and supporting documentation for June 2017.

***

**BKN013/08/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 10 MEI 2017 VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Bodtoekenningskomiteevergadering gehou op Woensdag 10 Mei 2017, soos voorgelê.

***

**BKN014/08/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 24 MEI 2017 VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Bodtoekenningskomiteevergadering gehou op Woensdag 24 Mei 2017, soos voorgelê.

***

**BKN015/08/2017**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 MEI 2017 VIR KENNISNAME</u>**
**3/2/1/3**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Bodtoekenningskomiteevergadering gehou op Dinsdag 30 Mei 2017, soos voorgelê.

***

**BKN016/08/2017**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 14 JUNIE 2017 VIR KENNISNAME</u>**
**3/2/1/3**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Bodtoekenningskomiteevergadering gehou op Woensdag 14 Junie 2017, soos voorgelê.

***

**BKN017/08/2017**
**<u>NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN018/08/2017**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**
**4/1/2/4**

Geen

***

**BKN019/08/2017**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN020/08/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN021/08/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:00*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

_________________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***